TEL 021 948 1801 **FAKS** 021 948 4140
E-POS algemeen@hsbellville.co.za De La Hayelaan, Bellville,

GRAAD 8 & 9

1. Leerders moet die 9 voorgeskrewe vakke aanbied en 8 vakke slaag volgens die kriteria hieronder aangedui.
   Die minimumpunt wat bereik moet word, is:

   - Huistaal : Vlak 4 (50% - 59%)
   - Eerste Add. Taal : Vlak 3 (40% – 49%)
   - Wiskunde : Vlak 3 (40% – 49%)
   - 3 van die ander vakke : Vlak 3 (40% – 49%)
   - Enige 2 ander vakke : Vlak 2 (30% - 39%)

2. Die jaarpunt vorm 40% van die finale punt.

3. Die eindeksamen vorm 60% van die finale punt

GRAAD 10, 11 & 12

Om te slaag moet 'n leerder aan die volgende minimum vereistes voldoen:

- Slaag Afrikaans of Engels Huistaal met vlak 3 of beter (meer as 40%)
- Slaag nog twee vakke met vlak 3 of beter (meer as 40%); en
- Slaag nog drie vakke met vlak 2 of beter (meer as 30%)

1. In alle vakke moet 'n volledige portefeulje voorgelê kan word, ook in die vakke wat gedruip word.
2. Die jaarpunt vorm 25% van die finale punt.
3. Die eindeksamenpunt vorm 75% van die finale punt.

BESKRYWING VAN KODES

Uitmuntende prestasie	**7**	80 -100
Verdienstelike prestasie	**6**	70 - 79
Beduidende prestasie	**5**	60 - 69
Voldoende prestasie	**4**	50 - 59
Matige prestasie	**3**	40 - 49
Basiese prestasie	**2**	30 - 39
Nie behaal nie	**1**	0 - 29

NSS-VAKLYS

- Rekeningkunde
- Landbouwetenskap
- Besigheidstudies
- Dramatiese Kunste
- Ekonomie
- Ingenieursgrafika en –ontwerp
- Geografie
- Geskiedenis
- Verbruikerstudies
- Inligtingstegnologie
- Tale
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde
- Wiskunde Geletterdheid
- Musiek
- Fisiese Wetenskappe
- Religiestudies
- Visuele Kunste
- Siviele Tegnologie
- Toerisme
- Rekenaartoepassingstegnologie

GEES RIGTINGWYSERS

GESINDHEID teenoor die vak

A. Uitermate geïnteresseerd in die vak en toon belangstelling reg deur die kwartaal.
B. Geïnteresseerd en aktief in die vak.
C. Toon beperkte belangstelling in die vak.
D. Aktief negatief in die vak.

Die **E**KTRA MYL word in jou vak gestap

A. Uitermate deeglik, georganiseerd, pligsgetrou en soek gereeld ekstra werk.
B. Klaswerk en huiswerk is 'n aanduiding van 'n verblydende poging.
C. Huiswerk, assesseringsvoorbereiding word somtyds verwaarloos.
D. Gereelde afwykings in huiswerk, assesseringsvoorbereiding en/of huiswerk.

EFFEKTIEWE VORDERING in jou vak.

A. Maak beduidende vordering in vak of handhaaf uitstaande werksetiek in die vak.
B. Vorder goed in die vak of handhaaf 'n goeie werksetiek in die vak.
C. Het nie veel vordering hierdie kwartaal getoon nie en het 'n onaanvaarbare werksetiek.
D. Toon 'n beduidende agteruitgang in die begrip van die vak.

SAMEWERKING en gedrag in die klaskamer.

A. Toon ten alle tye voorbeeldige gedrag
B. Tree goed op in die klas.
C. Aandag word somtyds afgelei van die werk in die klas.

MINIMUM VEREISTES VIR TOELATING TOT HOËR ONDERWYSKWALIFIKASIES

<u>Hoër Sertifikaat</u>

- NSS met 'n minimum van 30% in taal van leer en onderrig (TLO) van die hoër onderwysinstelling

<u>Diploma</u>

- NSS met 'n minimum van 30% in taal van leer en onderrig (TLO) van die hoër onderwysinstelling EN 40% in vier NSS-20 krediet-vakke

<u>Baccalaureusgraad</u>

- NSS met 'n minimum van 30% in taal van leer en onderrig (TLO) van die hoër onderwysinstelling en 50% in vier NSS-20 krediet-vakke vanuit 'n aangewese vaklys